RAPPORT VAN DIE SENDINGKOMMISSIE INSAKE INDELING VAN DIE SENDINGKERK VOLGENS ETNIESE- EN TAALGROEPE.

HoogEerw. Heer en Broeders,

U kommissie het deeglik op die saak ingegaan. Alle moontlike informasie is ingesamel. Aangeheg vind u:

(i) 'n Stuk van die heer J.P. Bruwer wat 16 jaar in die Sendingveld gestaan het en nou senior lektor in Bantologie aan die Universiteit van Stellenbosch is.

(ii) 'n Stuk van ds. T.A. Theron van Lusaka wat ook jare Sendingwerk gedoen het en intieme kennis van die hele aangeleentheid dra. Verder moet daarop gewys word dat ds. Theron die saak voor die sendelinge in die veld gelê het en hulle steun sy opvatting heelhartig.

U kommissie wens dan as volg oor die saak te rapporteer:

I. DIE BANTOEBEVOLKING IN SUID-AFRIKA:

Die Bantoebevolking kan in drie hoofgroepe ingedeel word n.l. die Nguni groep, die Sotc groep en die Setsjoeana groep. Daar is natuurlik onderverdelings soos saamgevat in die rapport wat voor die Sinode gedien het. (Pagina 114 en 115).

II. DIE OPPERVLAKTE:

Die oppervlakte is die hele Suid-Afrika vanaf die Beitbrug tot in Kaapstad. Die drie groepe word in drie strepe gevind wat dwarsdeur loop van die Noorde tot die Suide toe en dit gaan om die indeling van die hele Bantoebevolking in Suid-Afrika.

III. DIE PROBLEME:

(a) Die woongebiede van hierdie groepe val nie saam met die bestaande provinsiale grense nie en dus ook nie saam met die grense van die Moederkerke nie.

(b) 'n Groot persentasie van die Bantoebevolking van verskillende etniese- en taalgroepe maak hulle bestaan buite hulle tuisgebied en bewoon dieselfde lokaliteit.

Dit is dus duidelik dat solank as daar provinsiale grense bestaan daar nie sprake kan wees van etniese- en taalgroepering nie. Vervolgens moet daarop gewys word dat in stedelike gebiede so 'n groepering onprakties sal wees omdat dit maklik kan meebring ses of meer Bantoekerk-gemeentes in een lokaliteit.

IV. BEVINDING:

1. Die ideaal is baie mooi as dit prakties uitvoerbaar is.

2. Dis beslis onmoontlik om vandag hierdie beleid te volg en wel om die volgende redes:

(a) Die saamwoon in dieselfde lokaliteit van verskillende etniese en taalgroepe in dorpe, stede en industriële gebiede.

(b) Die disintegrasie van baie naturelle deur ondertrouing en ontstamming.

(c) Die vermenigvuldiging van Kerke wat nie verstaan sal word nie.

2/.....

(d) Die bearbeiding sal bemoeilik word en die koste sal in die hoogte styg.

3. Daar moet gestreef word na 'n eenheid in Christus Jesus in een Bantoekerk waarin alle groepe hulle eenheid vind.

4. Die ondervinding in Noord-Rhodesië en Nyasaland is dat verskillende etniese- en taalgroepe gelukkig kan saamwerk in een en dieselfde Kerk.

5. Die resultaat van 'n deurtastende ondersoek in Kaapstad is nie alleen dat die verskillende groepe gelukkig saamwerk nie maar beslis weier om dit anders te hê.

V. SLOTSOM:

Dat in ons Sending in die O.V.S. as ideaal gestel sal word een Bantoekerk met 'n eenheid in Christus Jesus.

MEMORANDUM I/S GROEPERING VAN BANTOESTAMME VOLGENS TAAL- EN ETNIESE AFFINITEITE MET DIE OOG OP SELFSTANDIGE BANTOEKERKE.

Daar word in die jongste tyd van verskeie kante met intense ywer gebeitel aan 'n nuwe benaderingstegniek t.o.v. die kerstening en Evangelisering van die Bantoebevolking van Suidelike Afrika. Veral m.b.t. die uitkristallisering van selfstandige Bantoekerke is daar 'n sterk denktendens wat neig in die rigting van groepering van stamentiteite volgens etniese affiniteite en taalverwantskap.

Dit is begryplik dat 'n besondere tendens in die benadering van sosiale, ekonomiese en staatkundige vraagstukke ook op Kerklike gebied 'n weerklank sal vind. Dat daar reeds afsonderlike Kerke en Kerkfasiliteite in S.A. vir die verskillende bevolkingsgroepe bestaan is 'n bekende feit. Dit is egter ook 'n feit dat vir Kerklike doeleindes die drie hoofgroepe in ons land t.w. Blankes, Kleurlinge en Bantoe tot dusver grootliks as korporatiewe eenhede behandel is. Dit was nog altyd bekend dat die Bantoe as groot geheel 'n wydvertakte stamkonglomorasie inhou, verskeie omgangstale en dialekte besig, en gedifferensieerde kultuurvorms openbaar. Nietemin is stamverskeidenheid deur die Kerk op Sendinggebied in die verlede grootliks negeer. Beide in die Buiteland en Binneland is indiwidue behorende tot wyduiteenlopende etniese groepe binne een Kerkverband saamgetrek blykbaar sonder merkbare nadelige gevolge. Die vraag kom derhalwe as vanself na vore of etniese groepering nou juis noodwendig die aangewese uitgangspunt moet wees.

Dit lyk dus van kardinale belang dat die posisie t.o.v. die verskillende Bantoestamme waaronder die Kerk arbei getoets word aan die hand van heersende toestande om te sien of etniese groepering m.b.t. selfstandige Bantoekerke prakties moontlik en gewens is. Klem sal veral gelê word op etniese affiniteite waardeur kultuurvorms bepaal word, en taalverwantskap.

Daar is natuurlik drie kriteria wat gebruik kan word by die groepering van Bantoestamme nl:

(i) Etniese affiniteite.
(ii) Taalvorm.
(iii) Habitat.

Onder tradisionele omstandighede sal 'n mens vind dat hierdie drie kriteria grootliks ineen vloei m.a.w. dat etniese groepe dieselfde taal gebruik en min of meer dieselfde gebied bewoon of ten minste aaneengeslote gebiede. Historiese verwikkelings onder die Bantoe het veral in die laaste twee eeue hierdie univorme patroon geweldig geaffekteer met die gevolg dat etnies verskillende groepe vandag dieselfde taalvorm besig en dieselfde woongebied het. In sommige gevalle is daar uit 'n groot aantal dialekte 'n nuwe taalvorm gebore wat as omgangstaal aanvaar word b.v. Nyanja, Shona en Swahili. Die proses van ineenstrengeling van Bantoestamme is nog lank nie voltooi nie en gaan steeds met 'n toenemende tempo voort. Dit is derhalwe vanselfsprekend dat 'n benaderingsbeleid gebaseer op of etniese affiniteite of taalvorm gepaard gaan met heelwat praktiese probleme wat ook nie afneem nie, maar eerder toeneem.

In Noord-Rhodesië waar die N.G. Kerk veral in die Oostelike Provinsie sendingwerk verrig, is in die laaste 50 jaar onder 'n groot verskeidenheid stamgroepe gearbei nl. Acewa, Ansenga, Akunda, Atumbuka, Angoni, Ambo en Asoli. Van hierdie stamme sou 'n mens kon sê dat hulle verteenwoordigers is van tenminste vier etniese en taalkundige groepe, as volg:-

2/.....

(i) Acewa-Ansenga-Atumbuka.
(ii) Akunda-Ambo.
(iii) Angoni.
(iv) Asoli.

Tussen hierdie groepe is daar wesenlike verskille nie alleen op taalgebied nie, maar ook wat betref sosiale struktuur. Naas die moederregtelike Acewa staan b.v. die vaderregtelike Angoni. Hierdie fundamentele verskille op die gebied van sosiale struktuur is prakties gesien, veral waar dit 'n funksionele instelling soos die Kerk geld, o.i. meer belangrik as verskil in taalvorm. Tog is hierdie verskillende groepe in hierdie gebied in een Kerk saamgetrek en vorm in hierdie verband 'n eenheid wat o.i. met sukses funggeer. 'n Mens kan jou geen groter verwarring voorstel as dat daar in hierdie gebied vier N.G. Bantoekerke moes bestaan, een vir elke groep nie.

In Nyasaland word bykans dieselfde patroon as in Noordoos Rhodesië aangetref, en 'n analise van die lidmate van die N.G. Kerk aldaar sal waarskynlik bewys dat hulle ook uit verskillende groepe afkomstig is. Die feit dat daar noue kontak tussen die Sendingkerk in Nyasaland (N.G.) en die Kerk van Midde-Afrika Presbiteriaans bestaan, dui eintlik daarop dat hier geen idee van etniese of taalkundig groepering is nie aangesien die Kerk van Midde-Afrika Presbiteriaans eintlik 'n wyer eenheid wat betref die Bantoe op kerklike gebied veronderstel. Die volgende aanhaling uit die Nyasaland Sensus Verslag van 1945 gee 'n goeie aanduiding van wat vandag besig is om onder die verskillende Bantoestamme te gebeur:-

> „Any study of the tribal distribution in Nyasaland is confused by the tendency to intermarriage This is especially true in the Shire Highlands, where the Anyanja, Yao, Ngoni, Alomwe and Achikunda live side by side in the same villages. Patriarchal and matriarchal tribes in this area mix and intermarry in a way that is probably unique in East Central Africa....."

Hierdie strekking is vandag waar van feitlik enige gebied in Afrika waar die Bantoe aangetref word, en 'n mens vra jouself die vraag af watter hoop 'n kerk wat op etniese groepering berus eintlik in die toekoms het of kan hê. 'n Mens moet dan ook tot die slotsom kom dat indien daar in Noord-Rhodesië of Nyasaland oorgegaan sou word tot die stigting van Bantoekerke gebaseer op etniese groepering dit 'n retrogressiewe stap sou wees wat waarskynlik alleen op mislukking sal uitloop.

Die etnografiese posisie in Suid-Rhodesië getuig ook van 'n groot mate van ineenstrengeling van stamentiteite. 'n Breë groepering sou gemaak kon word met die latere intrekkers van die 19de eeu aan die een kant nl. Ndebele en oorblyfsels van Swazi en Shangaans, en aan die ander kant die betreklik inheemse stamme. Laasgenoemdes staan gewoonlik bekend as die Shonagroepe waaronder ingesluit word die Rozwi, Makorekore, Karanga, Bujga, Nyika, Zezuru, Duma, Mari, Ndau, ens. Hiernaas kom ook nog die Venda en Remba wat groepe op hulle self vorm insoverre dit etniese verband aangaan.

In beide hierdie drie gebiede t.w. Noord-Rhodesië, Nyasaland en Suid-Rhodesië het ons dus te doen met 'n bevolingspatroon wat reeds die grootste mate van verskakeling onder die verskillende etniese groepe aandui. Hierdie proses gaan soos wel bekend met toenemende intensiteit voort en Kerke gebaseer op etniese groepering kan eintlik niks anders word as artifisiële begrippe nie.

3/ .....

Die Bantoebevolking van die Unie van Suid-Afrika word gewoonlik in twee hoofgroepe verdeel nl. die Ngoenie en die Sotho. Hiernaas staan egter ook nog die Lobedu en Venda wat eintlik nie onder een van hierdie groepe tuishoort nie. Die Ngoeni omsluit weer drie belangrike hoofgroepe nl. Zoeloe, Xosa en Swazi met natuurlik 'n menigte ander kleiner groepe soos bv. Pondo, Mpondomise, Bomvana, Fingoe, Themboe, ens. Onder die Sotho-stamme resorteer o.a. die Basoeto, Pedi, en Tswana en andere soos die Barolong, Mangwato, Bakgatla, ens.

Dit is natuurlik wel bekend dat daar beide op kultuur en taalgebied 'n groot mate van verskil bestaan tussen hierdie groepe. Waarskynlik sou 'n mens vir die uitkristallisering van selfstandige Kerke die volgende groepering kon maak: Zoeloe, Xhosa, Suid-Sotho, Noord-Sotho (Pedi), Wes-Sotho (Tswana) en Venda (met moontlike insluiting van die Lobedu). Dit sou dan beteken dat daar uiteindelik ses selfstandige N.G. Bantoekerke sal bestaan. Hierdie indeling sal dan ook moet veronderstel dat alle ander kleiner stamgroepe wat binne die bepaalde woongebied van bogenoemde groepe val vir kerklike doeleindes gereken moet word as behorende tot genoemde groepe.

Bogenoemde groepering soos volgens taal- en etniese samehorigheid bring op kerklike gebied onmiddellik twee belangrike praktiese probleme na vore:-

(i) Die feit dat die woongebiede van hierdie groepe nie saamval met bestaande provinsiale grense en derhalwe ook nie met die grense van die vier moederkerke nie.

(ii) Die feit dat 'n groot persentasie van die Bantoebevolking reeds buite hulle tuisgebied 'n bestaan maak en daar dikwels as verteenwoordigers van verskillende etniese en taalgroepe dieselfde lokaliteit bewoon.

Die eerste probleem is o.i. van kardinale belang aangesien daar van etniese groepering nie gepraat kan word solank provinsiale grense vir kerklike doeleindes erken word nie. Dit lyk dus o.i. imperatief dat die moederkerke van die vier provinsies van die Unie allereers uitsluitsel kry aangaande die benadering van sendingwerk m.a.w. of dit op kerklik-provinsiale basis dan wel as 'n gesamentlike onderneming van die vier Kerke moet plaasvind, alvorens daar besluit kan word oor etniese groepering.

Die tweede probleem is ewe belangrik omdat dit 'n verspreiding en ineenstrengeling van etniese groepe veral in die stedelike gebiede meebring wat afsondering vir kerklike doeleindes uiters onprakties maak. In die praktyk sal dit waarskynlik beteken dat lidmate uit die etnies-taalkundig verskillende Kerke in stedelike gebiede tog weer in dieselfde Kerk saamgetrek word. Indien elke „etniese" Kerk egter vir sy eie lidmate 'n gemeente in die stad begin, kan dit beteken dat daar in dieselfde lokaliteit ses (indien nie meer nie) Bantoekerk-gemeentes kan ontstaan.

'n Mens vra jouself die vraag af of daar op sendinggebied nie reeds genoeg versplintering as gevolg van die bedrywighede van verskillende denominasies onder die Bantoe veroorsaak is nie, en of hierdie versplintering nog verder aangehelp moet word deur 'n kerklik georiënteerde groeperingsbeleid. Nou word die taalkwessie wel voorgehou as 'n praktiese probleem en daar steek seker 'n mate van waarheid in. Maar 'n Kerk bestaan tog seker uit 'n groep van geestelike eensgesindes en ons eie sendinggeskiedenis leer ons dat etniese en taalverskille nie 'n onoor-

4/ .....

komentlike vraagstuk is nie. 'n Mens wonder of die voorstanders van groepering ook afsonderlike Opleidingskole vir Bantoeleraars behorende tot verskillende etniese en taalgroepe veronderstel, of sodanige leraars alleen binne hulle eie etniese groep beroepbaar sal wees en watter werklike patroon hulle vir die stedelike gebiede voorstaan.

Die slotsom waartoe 'n mens geraak t.o.v. moontlike groepering van die Bantoe volgens taal en etniese verwantskap m.b.t. die uitkristallisering van selfstandige Bantoekerke is dat so 'n plan moontlik 'n dekade of twee heilsaam sou gewees het, maar dat dit in die lig van huidige bevolkingstendense onder die Bantoe nouliks kan deug. Die uitkristallisering van selfstandige Kerke kan o.i. onder die huidige omstandighede alleen geskied op 'n habitatsbasis m.a.w. op dieselfde grondslag waarvolgens die vier moederkerke in die Unie uitgebou is. Dit sal verseker dat enige bepaalde Kerk (moederkerk) die belange van haar dogterkerk binne haar grense behartig. Dit kom daarop neer dat elke Moederkerk verantwoordelik moet wees vir die sendingaksie binne haar grense, want so alleen kan die dogter die ware huishouding op kerklike gebied van haar moeder leer. En as daardie moederkerk deur haar optrede die kinders onder haar sorg in 'n hegte christelike eenheid saambring sal die Bantoe haar daarvoor in die toekoms altyd dankbaar wees. Die Kerk wat hierdie beleid volg en afsien van etniese en taalkundige versplintering van die Bantoe kan nie verkeerd gaan nie, want haar basis is 'n christelike beginsel en nie die oënskynlike voordeel van 'n verbygaande stampatroon nie.

I/S INDELING SENDINGKERKE VOLGENS TAAL- EN ETNIESE GROEPE.

1. Ons is die ideaal van so 'n indeling van sendingkerke baie goedgesind en as dit prakties uitvoerbaar sou wees, sou dit vir die werk van die Here veel kon beteken.

2. Ons insiens is dit vandag uiters moeilik, indien nie heeltemal onmoontlik, om so 'n beleid uit te voer nie as gevolg van:

(a) Die sametrekking van lede van verskillende etniese groepe in dorpe, stede en industriële gebiede buite die oorspronklike woongebiede van die betrokke groepe.

(b) Die disintigrasie van die oorspronklike etniese groepe a.g.v. ondertrouing en ontstamming.

(c) Die onvermydelike oorvleueling van die Sending-werksaamhede wat dit sal meebring.

3. Waar verskillende groepe saamwoon, is daar die volgende nadele aan 'n skeiding op etniese gronde verbonde:

(a) Dit mag wrywing tussen groepe veroorsaak of vererger waar dit reeds bestaan.

(b) Dit veroorsaak 'n vermenigvuldiging van kerke. Naderhand sal kleiner, ondergeskikte groepies ook aanspraak maak op 'n eie kerk.

(c) Dit bemoeilik die bearbeiding, verhoog koste (bv. vir aparte kerkgeboue, reiskoste, e.s.m.) en skuif die ideaal van een Bantoekerk al verder in die toekoms.

4. Ons voel dat die ideaal onder huidige omstandighede liewers moet wees een Bantoekerk, waarin verskillende etniese groepe hul eenheid in Christus sal betoon deur daar saam te aanbid.

5. Die ondervinding in die sendingvelde van Noord-Rhodesië en Nyasaland was dat verskillende etniese groepe (selfs patriliniale en matriliniale stamme) gelukkig kan saamwerk in een en dieselfde kerk. Dis al 50 jaar en langer die geval.

6. Gevolglik stel ons voor:

(a) In reservate word volksgroepe sover moontlik in hul eie afsonderlike taal bearbei.

(b) Waar hulle as verskillende groepe saamgetrek word (in dorpe, stede, ens.) word die ideaal van een kerk vir alle gelowiges nagestreef. Prakties sal dit die gebruik van verskillende tale meebring, hoewel die ondervinding beide in die twee Rhodesiës en in Nyasaland is dat hierdie probleem met die loop van tyd al kleiner word deurdat die groepe mekaar se taal aanleer.

(c) Dit is die ondervinding dat die naturelle onder ons bearbeiding self die skeiding op etniese grondslag nie toegedaan is nie.